Ontmoeting 17

God gee vir ons krag soos… 'n Ribbok en 'n Arend

Die kinders leer dat God vir ons krag gee. Hy gebruik diere wat ons ken, om dit te verduidelik.

Teks: Hab 3:19; Jes 40:31

Hulpmiddels:

⊗ 2 Telefoongidse
⊗ Plastiekbokkie of -arend om in die sensoriese bottel te sit
⊗ Papier
⊗ Verf en kwaste
⊗ Plastiekbakkie waarin 'n voet en 'n hand sal pas
⊗ Dun spons wat in die bakkie sal pas
⊗ PowerPoint met foto's van bokkies en arende (laai van die webtuiste af)

WELKOM

Speel 'n **krag kompetisie** ('n variasie van "rock/paper/scissors") waar die kragte afgespeel word tussen 'n beer, 'n vis en 'n muskiet:

Verdeel die groep gelyk in twee spanne. Elke span begin aan sy kant van die vertrek. In die middel is nog 'n lyn. Laat elke groep saggies (in die geheim) besluit op 'n dier: Beer (hou jou arms bo jou kop en brul); Vis (maak visbekkies en gebruik jou hande en arms om swembewegings voor jou lyf te maak); Muskiet (arms langs die sye, hande na buite en maak zoem-geluide). As albei spanne op 'n dier besluit het, kom staan almal by die middellyn, rug teen rug. Tel tot by drie. Dan draai almal om en begin hul dier se bewegings doen. Die beer eet die vis, die vis eet die muskiet en die muskiet steek die beer. Nou jaag die wenners die verloorders na hulle kantlyn toe. Almal wat gevang word, sluit by die wenspan aan. Nou kies elke span weer saggies 'n nuwe dier, gaan staan by die middellyn, begin die diere se bewegings maak op die derde telling en die wenners jaag die verloorders. Hou aan met die speletjie solank die tyd toelaat.

Kompetisie: **Wie is die sterktste?** Kry 2 dik telefoonboeke en vra dat die sterkste kinders kom probeer om die telefoon boeke deur te skeur. (Baie jare gelede was daar kompetisies gehou waar groot sterk manne gewys het hoe sterk hulle was deur 'n vliegtuig of 'n vragmotor rond te sleep en dan het hulle altyd 'n dik telefoon boek probeer deurskeur.)

Vra die volgende **vraag**: Wie sou julle sê is eintlik die heel sterkste? Natuurlik is God sterker as enige dier en mens; Hy het ons mos gemaak! Kom ons sing 'n paar liedjies wat vertel hoe groot God se krag is.

WYDING

Sing "Great Big God", "My God is so groot", "Super hero", ens.

Sing daarna die **temalied** en doen die **stilword-ritueel**.

WOORD

Onthou julle hoe God met die profete gepraat het soos ons verlede kwartaal gesels het? God het met hulle gepraat deur boodskappe te gee. Van die boodskappe was bedoel om God se kinders hoop te gee. Op 2 plekke staan daar hoe God vir ons krag gee. Kom ons lees dit.

Vat jou Bybel en lees Habakuk 3:19 en Jesaja 40:31.

"Die Here my God gee vir my krag, Hy maak my voete soos die van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop."

"Maar die wat op die Here vertrou, kry nuwe krag, hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie. "

Skryf op 'n blaaibord die woord "Ribbok" op 'n skoon bladsy. Vra nou die kinders wat weet hulle alles van 'n ribbok. Maak 'n lysie. *('n Ribbok is baie atleties gebou en kan goed hardloop en spring. Sommige van hulle het baie goeie balans en kan goed klim soos ons al op foto's gesien het.)*

Skryf op 'n volgende skoon bladsy die woord "Arend". Vra nou die kinders wat weet hulle alles van 'n arend. Maak weer 'n lysie. (*Arende is groter as die ander roofvoëls. Hulle vlerkspan is die grootste. Dit maak dat hulle lekker kan sweef, vinniger van rigting kan verander en sterk vlieg.)*

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoekom God juis 'n ribbok en 'n arend gekies het as voorbeelde van krag.
2. Ek wonder hoe jy dinge anders sou doen as jy die krag van 'n ribbok het.
3. Ek wonder hoe jy dinge anders sou doen as jy die krag van 'n arend het.
4. Ek wonder of jy aan ander voorbeelde kan dink hoe God vir ons krag gee.
5. Ek wonder of jy kan vertel van 'n keer toe jy God se krag nodig gehad het.

WERSKAF

- Laat die kinders arende met hul hande maak vir die volgende "craft": Sny 'n stukkie dun spons wat net so groot soos die boom van die plastiekbak is. Gebruik 'n kwas om verf daarop te verf. Gebruik nou die sponsie in die bak as 'n groot "stempelkussing". Die kinders druk hul hande daarin en dan op die papier om handafdrukke te maak. (Gebruik die foto's as riglyn.) Skryf Jesaja 40:31 op die papier met die arend.
- Gebruik 'n stempelkussinkie om die kinders te laat duim-afdrukke maak waarmee hulle bokkies kan teken (sien voorbeeld).
- Terwyl die verf droog raak, sing die Habakuk-liedjie (die 1983 vertaling van Hab 3:19). Kyk of julle as 'n groep jul eie (bekende) wysie kan bysit by Jesaja 40:31. Oefen dit 'n paar keer.
- Neem 'n A4 badsy en gee kans dat elke kind 'n gebed neerskryf of teken om te vra dat God vir hulle krag sal gee vir die uitdagings wat hulle beleef.

Sluit af met die **seënbede**.